



HOOF INSPEKTEUR VAN MYNE SE MOONTLIKE BESOEK AAN DIE NOORD KAAP:

SADPO het die Hoof Inspekteur van Myn Veiligheid en Gesondheid uitgenooi om na 'n aantal delwerye in die Noord Kaap te kom kyk. Sodoende probeer ons aan hom uitlig die verskillende probleme en uitdagings wat ons lede ondervind, met die oog op 'n beter verstandhouding tussen die plaaslike Inspekteurs en ons lede. Ons hou u op hoogte in hierdie verband.

DA SPREEK KOMMER UIT OOR ONBEKWANE AANSTELLING BY DMR:

Mnr James Lorimer, DA se Skadu Minister vir Minerale Hulpbronne het die onlangse aanstelling van Me Seipati Dhlamini, Minerale Regulasie Adjunk-Direkteur-Generaal in beheer van mynlisensie toekennings deur die Minister van Minerale Hulpbronne, Mosebenzi Zwane, beraagteken.

Mnr Lorimer het selfs die portefeulje-komitee versoek om in te gaan op die saak, maar die Minister hou vol dat die genoemde aanstelling net tydelik is.

Die meerderheid ANC-lede van die komitee het die DA beskuldig dat hulle bevooroordeel is teenoor die bevordering van swart vroue. Mnr Lorimer het ook gesê dat die deursigtige gebruik van die ras / geslag kaart is 'n gereelde taktiek wat gebruik word deur die ANC om onreelmatigheide te verskoon in hul administrasie.

Hy noem verder dat die DA bly agterdogtig oor die aanstelling en sal sover moontlik op die spoor van die proses wat lei tot die permanente aanstelling bly.

SADPO BIED ARBITRASIE BY- STAND AAN LEDE:

Ons organisasie se grondwet maak voorsiening dat ons Nasionale Komitee lede kan bystaan in 'n Arbitrasie. Die vereistes is as volg:

- Enige lid in goeie stand wat in 'n dispuut met 'n ander lid betrokke is, mag by die Nasionale Komitee aansoek doen om arbitrasie van die dispuut te fasiliteer.
- Die Nasionale Komitee moet met ontvangs van sodanige aansoek, poog om die geskil deur bemiddeling te besleg.
- Indien sodanige bemiddeling misluk, mag die Nasionale Komitee die dienste van 'n persoon of assosiasie gebruik om as arbiter op te tree.
- Die beslissing van die arbiter sal finaal en bindend op die betrokke partye wees.
- Die partye sal die arbitrasie finansier, tensy die Nasionale Komitee anders besluit.

Ons moedig u aan dat indien u ooit in so 'n situasie beland, voel asseblief vry om die Nasionale Komitee te nader vir bystand. Kontak asseblief die Sekretaris vir leiding in hierdie verband.

DOELSTELLINGS VAN SADPO:

Volgens ons Grondwet is SADPO gestig met die volgende doelwitte:

- Die diamantbedryf te bevorder met behulp van diegene wat daarop geregtig is om te prospekter en / of te myn vir diamante, sowel as die oppervlakeienaars van grond met diamantdraende gruis wat ontgin mag word in terme van die wette van die Republiek van Suid-Afrika
- Te dien as inligtingskanaal waardeur noodsaaklike inligting, wat betrekking het op die diamantbedryf, gekommunikeer kan word
- Noodsaaklike stappe te doen om die ontginning en bemarking van diamante te bevorder
- Te dien as 'n forum vir bespreking van en interaksie met ander strukture wat betrokke is by die ontginning van diamante, insluitend staatstrukture en bemarkingstrukture, met die oog daarop om die diamantbedryf in die algemeen te bevorder



BOODSKAP VANAF ONS VOORSITTER:

2016 is so te sê verby en almal van ons (glo ek) sien uit na die paar dae van rus wat voorlê. Dit was 'n jaar, wat vir ons in die diamantbedryf, in baie opsigte vol belangrike gebeure was. Hier dink ek veral aan die MH&S regulasies wat in werking getree het, asook die (in baie gevalle) onkonsekwente toepassing daarvan. Daar was ook die skommeling van die diamantpryse, die dieselprijs, die Rand wisselkoers teenoor ander geldeenheide, ens. wat ons voor baie beduidende uitdagings gestel het. Hiermee saam het die algemene omstandighede in die arbeidsmark ook verander en word ons al meer en meer aan die eise van die Unies blootgestel.

DMR se hantering van permit en / of reg aansoek maak dit ook nie makliker nie. Verder bly dit 'n stryd om waarborggelde terug te kry na die afhandeling van sluitings sertifikate. SARS se hantering van die dieselprijs teenoor die BTW laat ons ook met meer vrae as antwoorde, en dit terwyl hierdie aspek 'n geweldige impak op ons kontantvloei het. DWA bied ook sy eie uitdagings. Die samewerking van die verskillende Staatsdepartemente met wie ons werk is ook nie baie goed nie.

Al bogenoemde skep 'n baie donker prentjie, maar ten spyte hiervan is die meeste van ons nog aan die gang. In wese was dit slegs ons oorwinning in die Hof wat as 'n positief gesien kan word. SADPO is en bly direk betrokke by die aanspreek van al die probleme en is, afsonderlik en ook in samewerking met die Kamer van Mynwese, op soek na werkbare oplossings. Ek wil weereens langs hierdie weg 'n beroep doen op u samewerking. Daarsonder is ons feitlik tot niks instaat nie.

Ek kan egter nie anders as om ook op hierdie manier erkenning te gee aan ons Hemelse Vader en Sy groot genade nie. Sonder Hom is ons regtig tot niks instaat nie. Ek wens u een en almal 'n baie geseënde Feestyd toe en laat ons nooit vergeet wat die

rede vir hierdie feesvierings is nie. Ek bid ook dat 2017 vir ons almal 'n wonderlike jaar sal wees en dat ons voorspoedig sal wees in alles wat ons aanpak.

Baie dankie vir die getroue ondersteuning en rus lekker!

GERT VAN NIEKERK



Nasionale Komiteelede: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, HF Cilliers, Anton Jacobs, Johan Keyser, Jannie Lombard, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos

Tenderhuise: CS Diamonds, NDM

Webtuiste: <http://sadpo.co.za/> Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850

E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737



Kersgeskenk voorstelle: Aan jou vyand, vergifnis. Aan 'n teenstander, verdraagsaamheid. Aan 'n vriend, jou hart. Aan 'n kliënt, diens. Aan jou medemens, liefdadigheid. Aan elke kind, 'n goeie voorbeeld. Aan jouself, respek.

~ Oren Arnold